

Naamloos



Youth mag

Aug tot Sep 2014

uitgawe 4

NG Gemeente Rietfontein-Suid

**50 Dae-Hoop wat
groei en groei...**





Welkom terug aan almal ons is amptelik in die 2de deel van die jaar, so dit tyd het gevlieg en die Matrieks het nie meer baie dae van skool oor nie. Hierdie volgende 2 maande is propvol pret, ons skop die 10de Aug. Af met ons 50 dae reek en dit beloof om 'n groot impak te maak. Vir die van julle wat bekommerd is dat julle nie genoeg rus gekry het nie, daar is wel goeie nuus want julle sal sien dat die maand van Aug. 5 naweke het, so dit beteken 5 Vrydae, 5 Saterdag en 5 Sondag. Dit is baie besonders want dit gebeur net elke 823 jaar, so ons sal dit nie weer in ons leeftyd beleef nie.

Mag julle 'n tyd van seën ervaar en regtig beleef dat die Here altyd daar is waar ook al jy gaan. Mag die 50 dae ook 'n groot impak op jou lewe maak sodat jy ook die boodskap van hoop by jou werk, huis, skool, Universiteit en supermark kan deel. Hoop julle geniet die nuwe Naamloos, as julle iets in die Naamloos wil sit laat weet my net dan kan ons dit doen.

Groete Stanwin Street

Augustus 2014

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
					1	2
3 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00	4	5 <u>18:30-21:00</u> Belydenisgroepe 2014	6 Solum & J-Café18:30	7	8	9 Nasionale Vrouedag
10  Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00 50 Dae skop af!	11	12	13 Solum & J-Café 18:30	14	15	16
17 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00 50 Dae	18	19	20 Solum & J-Café 18:30	21	22 Moot Care / Brood vir Nood - Aand	23
24 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00 50 Dae	25	26	27 Solum & J-Café 18:30.	28	29	30
31 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00 50 Dae						

September 2014

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
	1	2	3 Solum & J- Café 18:30.	4	5	6
7 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖 18:00 50 Dae	8	9	10 Solum & J- Café 18:30.	11	12	13 KARNAVAL
14 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖 18:00 50 Dae	15	16	17 Solum & J- Café 18:30.	18	19	20
21 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖 18:00 50 Dae sluit af!	22	23	24 Erferisdag	25	26	27
28 Jeugkuier 17:15 🎵Youthbash🎵 18:00-19:30	29	30				



"Maenie aan jou hoop vashou nie, maar hou vas aan Christus, die Bron van ons hoop" – Charles H. Spurgeon

Sondag Selgroepe



Graad 8 – seuns & dogters

Carel 079 436 6826




Graad 9 – seuns & dogters

Channelle 072 575 8904



Graad 10 – seuns & dogters

Stanwin 079 525 5695



Graad 11 – seuns & dogters

Petro 072 048 9856

"Christus is in die eerste eeu gebore, tog behoort Hy tot alle eeue. Hy is as 'n Jood gebore, tog behoort Hy tot alle rasse. Hy is in Betlehem gebore, tog behoort Hy aan alle lande"- George W. Truett



SOLUM

NG GEMEENTE RIETFontein-SUID

Solum is die Latynse woord vir fondasie. Daarom vertrou ons by Solum dat dit wat ons doen en bespreek, dat die Here dit as fondasie sal gebruik waarop Hy verder kan bou. So as jy tussen die ouderdom van 18 en 35 is wil ons jou uitnooi om ons te join, **Woensdagaande 18:30** by die kerk. Vir meer inligting kontak

Petro 072 048 9856



Ons almal het 'n plek nodig waar ons voel ons 'belong' en waar ons saam kan gesels oor die lewe en waar die Here jou wil gebruik. Daarom wil ons jou uitnooi na J-Café. **Woensdagaande 18:30** in die Katakombe! Almal van **Gr.8-12** is welkom. Vir meer inligting kontak

Stanwin 079 525 5695



**Ons benodig mense wat musikaal
is, so as jy 'n instrument kan
speel of weet van iemand.
Skakel vir Johann Dednam
Tel: 083 261 7040**

Vreugde is by uitstek 'n Christelike word en 'n
Christelike saak. Die bron van vreugde lê diep in
Jou binneste. En daardie bron droog nooit op nie.
Slegs Jesus gee daardie vreugde – Samuel D. Gordon.

Bemoediging...

As jy behoefte het aan bemoediging of gebed is jy ook welkom om vir
Petro Jonker of Channelle Daffue te kontak en 'n afspraak met hulle te
maak. Hulle is daar vir jou so maak gebruik van die geleentheid. Jy is
belangrik vir ons.



Spreekure

Woensdae 17:15 – 18:30 in die Katakombe.

- Vir enige vrae.
- Probleme.
- Gebed.
- Of om net lekker te gesels.

Enige een is welkom!

Stanwin 079 525 5695 (24/7)

Email: StanwinS@gmail.com



Sending Sonder Grense / Mission Without Borders

Elke eerste Sondag van die maand samel ons geld in vir Valeriu. Hy is 10 jaar oud en bly in Moldova. Hy is serebraal gestremd. Valeriu se grootste droom is om normaal te wees soos al sy vriende. Hy het net 'n ma wat na hom omsien, so die kans vir behandeling of 'n operasie is maar skraal, daarom wil ons graag help om 'n verskil in sy lewe te maak. As die Here dit op jou hart lê, bring 'n geldjie saam.

Jeugkuiers

Ons het elke laaste Sondag van die maand

'n Jeugkuier waartydens daar dan nie

kategese is nie, maar waar al die jeug dan

saam in die saal bymekaar kom en lekker

saam as n groot groep kuier, met koeldrank,

chips en lekkers.



Waar jy betrokke kan raak...

Dien met jou gawe/s en raak deel van die jeugtaakspan. As jy op enige manier betrokke wil raak soos bv. met naamloos, socials, uitreike, om mense te bemoedig of enige ander iets wat jy in gedagte het. Maak 'n afspraak met Stanwin dan gesels julle oor jou idee wat jy het. As jy nog nie weet wat jou gawe/s is nie kan jy die Netwerkkursus bywoon, sien kalender vir datums.



Duda mobile

- Saampraat papiere.
- Cool links.
- Twitter.
- Stuur 'n email vir die leiers.
- Gee ook vir ons wenke oor hoe ons die Jeug kan verbeter.



Share ook met jou vriende!



Gaan  Like ons
op Facebook.



**NG Gemeente Rietfontein-
Suid Jeug**



Youthbash

Wanneer: Elke laaste Sondag van die maand

Tyd: 18:00 – 19:30 **Almal is Welkom!**

GEMEENTEKAMP 2014



26 - 28 Sep
Sionbergh kampgronde

TARIEWE:

Verblyf **en etes** ingesluit - per
persoon vir die NAWEEK(2 nagte):

Kamers of kampeer:

Volwassene R450;

Onder 10 jaar R350;



Navrae: Egbert 082 802 9967 of Basson 071 648 8656

Naby Heidelberg (±116 km)!!

MATRIX!



VOLGENDE JAAR?

JAAR VAN JOU LEWE!

SLUIT AAN VIR DIE
VERHEERLIK GOD!
VERANDER LEWENS!

021 887 0212
DJC@VCSV.CO.ZA
DJC.VCSV.CO.ZA

VCSV
UCSA

Diensjaar



EEN LIEFDE. EEN HART. EEN DOEL - FIL2:2

Dissipelskap



Lukas 9:23-26

23Toe het Hy vir almal gesê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg, **24**want elkeen wat sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om my ontwil verloor, sal dit behou.**25**“Wat help dit 'n mens as hy die hele wêreld as wins verkry, maar homself verloor of te gronde gaan? **26**Elkeen wat hom vir My en my woorde skaam, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom, beklee met sy heerlijkheid en die heerlijkheid van die Vader en van die heilige engele.

Wat is dissipelskap?

As dit kom by dissipelskap, is die teks gedeelte 'n goeie voorbeeld, dit wys dat dit van ons iets vra om dissipels te wees. Stephan Joubert skryf dat **“Dissipelskap gaan oor om verhoudings te bou met verlore mense – mense in nood. Dit is om onvoorwaardelik in verhouding te tree met mense wat Jesus nie ken nie en doelgerig 'n pad met hulle stap sodat hulle liefde van Jesus kan ontdek en kan leer ken. Gelowiges maak baie die fout om te dink dat dissipelskap slegs beteken dat hulle geestelik konfronterend met mense moet omgaan – in baie gevalle sonder 'n verhouding. Mense vandag is egter baie skepties en vra baie vrae en gee nie sommer enige iemand inspraak in hul lewe nie. Gelowiges moet leer dat dit werklik opoffering vra om 'n verhouding met iemand te bou sodat jy geestelik inspraak in die persoon se lewe kan afvryf.”** Verder moet ons ook weet dat dissipelskap 'n voltydse ding is 24/7, so jy kan nie bepaal wanneer jy 'n dissipel wil wees en wanneer jy nie een wil wees nie. Die ding is ons almal is dissipels as ons ons harte vir die Here gegee het, dis nie 'n gawe wat net sekere mense het nie, almal is dissipels.



HOpE BOKS PROJEK

R20 / R25 per
Boks

Kontak:

Petro Jonker
072 048 9856

Ilze de Klerk
082 403 7972



'Bible Trivia'



Toets jou Bybel kennis. Kyk of jy die volgende vrae kan reg kry:

1. Wie het die volgende gesê: "Ek is die weg, die waarheid en die lewe"?
2. Wie het in die woestyn gebly en van sprinkane en wilde heuning geleef?
3. Hoeveel dae was Jesus in die woestyn?

SMS of Whatsapp jou antwoorde na **079 525 5695**, die eerste 3 wat al die vrae reg het, sal 'n prys wen. Wenner sal die 17de Aug aangekondig word! Onthou om jou Naam en Van by te sit.

Skinder hoekie...

— Leer ken die leiers.



1. Wie is jy en wat doen jy vir 'n lewe?

Ek is Petro Jonker, 'n 5de jaar Teologiese student by die Universiteit van Pretoria (Tukkies).

2. Hoeveel jaar is jy al in die gemeente? Wat is jou betrokkenheid by die gemeente?

Hierdie is tans my tweede jaar by die gemeente. Ek is verantwoordelik vir die na-skoolse jeug (Solum) en die Belydenisklas (Gr II).

3. Wat doen jy vir fun? (Stokperdjies)

Lees, kuier saam my hartsense en ek is mal oor die natuur.

4. Gunsteling movies?

Ek het nie 'n spesifieke een nie, maar een flik wat onlangs 'n indruk op my gemaak het was *Son of God*.

5. Gunsteling Band?

Ek luister na verskeie musiek, en het 'n groot liefde vir Christelike Musiek.

6. Wat is jou gunsteling kleur/e?

Pers.

7. Van watse dier hou jy?

'n Rob.

8. As jy enige plek in die wêreld kon besoek, waar sou dit wees?

Switserland.

9. As jy 'n miljoen rand kry of wen, wat sal jy daarmee doen?

Ek sal my eie sendingorganisasie stig, Switserland toe gaan, 'n nuwe kar koop, en sover ek kan mense help.

10. Is jy 'n oggend of 'n aand mens?

Definitief 'n aand mens.

11. Wat sal jou droomwerk wees?

Ek sal graag 'n sendeling wil wees wat in hospitale en klinieke werk.

12. Wat verskies jy, die platteland of die stad?

Platteland.

13. Gunsteling kos?

Pizza, en Roomys.

14. Gunsteling quote?

"We were not designed to be princesses of entitlement, but warriors of encouragement, fighting and fiercely defend those who are losing their battle for hope."





50 Dae



Hoop wat groei en groei

Ons gemeente het die voorreg om deel te wees van duisende mense wat die pad van hoop loop. Ons vertrou dat jy hierdie 50 dae as geleentheid sal aangryp om nuwe hoop te ontvang én te gee, sodat ons almal hoop kan uitdeel vir ander. Ons almal het vars hoop nodig wat stewig veranker is, vir die lewe met al sy uitdagings. Kom ons laat toe dat die Here ons harte opnuut kom aan die brandsteek met hoop! Kom ons word agente van hoop!

Daar is 3 goed wat ons vir jou wil vra gedurende die 50 dae:

- 1- Dat jy sal commit om die 7 Sondae van die 50 dae te bywoon.
- 2- Die dagstukkies boeke, om deur dit te werk in die week.
- 3- Dat jy vir die tydperk van die 50dae by een van die selgroepe sal inskakel. Dis nou Solum (Na skool) of J-Cafe (Hoërskool).

Temas

Week 1: Daar is hoop by Jesus; moenie daarsonder probeer lewe nie!

Week 2: Om te hoop is om te weet God sal 'n plan hê.

Week 3: Ek hoop omdat ek weet wie (hoe) God is...


Week 4: Hoe hou ek my hoop lewendig?

Week 5: Wees 'n hoopdraer! - Gee 'n antwoord vir ander...

Week 6: Ek strek my uit na wat voor is...

Week 7: Wees verseker! Wat 'n fees, ons gaan in die hemel wees!

Humor...





Social

8 Aug. 18:00

Vrydag 8 Aug. gaan ons bietjie Ten Pin Bowling speel. Almal is welkom (oud en jonk), jy kan ook jou vriende saam nooi. Die bussie gaan ry vanaf die kerk, so as jy met die bussie wil ry moet jy asb. net 'n vrywaringsvorm by Stanwin kry en invul. As jou ouers jou kan vat en gaan oplaai sal dit goed wees. Daar is ook net plek vir 10 in die bussie.

Plek: Kolonnade

Tyd: 18:00-20:30

Koste: R45 p.p



NB! Die bussie sal 17:30 vertrek by die kerk, so wees asb. betyds. Bring ook 'n ekstra geldjie vir koeldrank saam en as jy dalk iets wil koop om te eet. Geen kind gaan toegelaat word op die bus sonder 'n vrywaringsvorm nie. As dit moontlik is laat weet my asb. in die week of jy kan gaan, sodat ons net min of meer kan weet hoeveel mense gaan.

Navrae kontak: Stanwin 079 525 569

Gebedsmuur...



Daar is so baie Christene regoor die wêreld wat daaglik vervolgings in die oë staan, tog volhard hul steeds in hul geloof. Danksy organisasies soos Open doors, wat ons bewus maak van hierdie lande en ook die situasies in hierdie lande, kan ons 'n verskil maak deur daaglik hierdie lande en die Christene daar aan die Here op te dra in gebed. Die lys bestaan uit 50 lande en dit is ingedeel van die lande met die meeste vervolgings na die lande met minder vervolgings. Vir meer inligting oor die 50 lande gaan kyk gerus op- www.opendoors.org.za

World Watch List 2014:

- 
- | | |
|------------------------------|-----------------------------|
| 1. North Korea | 26. Jordan |
| 2. Somalia | 27. Oman |
| 3. Syria | 28. India |
| 4. Iraq | 29. Sri Lanka |
| 5. Afghanistan | 30. Tunisia |
| 6. Saudi Arabia | 31. Bhutan |
| 7. Maldives | 32. Algeria |
| 8. Pakistan | 33. Mali |
| 9. Iran | 34. Palestinian Territories |
| 10. Yemen | 35. United Arab Emirates |
| 11. Sudan | 36. Mauritania |
| 12. Eritrea | 37. China |
| 13. Libya | 38. Kuwait |
| 14. Nigeria | 39. Kazakhstan |
| 15. Uzbekistan | 40. Malaysia |
| 16. Central African Republic | 41. Bahrain |
| 17. Ethiopia | 42. Comoros |
| 18. Vietnam | 43. Kenya |
| 19. Qatar | 44. Morocco |
| 20. Turkmenistan | 45. Tajikistan |
| 21. Laos | 46. Djibouti |
| 22. Egypt | 47. Indonesia |
| 23. Myanmar | 48. Bangladesh |
| 24. Brunei | 49. Tanzania |
| 25. Colombia | 50. Niger |



Omgee



Wat beteken omgee: **Serious attention and thought!!!**

Omgee is baie belangrik want ek glo almal sal saam stem dat saam is ons beter. As ons omgee vir mekaar probeer ons mekaar te help met probleme en om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Kathryn Kulman het gesê; “As jy siek voel, gaan soek iemand wat sieker as jy is. Bid vir hulle en dan sal jy nie so siek voel nie. Wanneer jy jou oë van jou self afhaal en op ander se behoeftes begin fokus, sal dinge verander”

Storie: “Lesse van ganses”

Wanneer n gans sy vlerke klap, skep dit n verheffing vir die voël agter hom. Deur in n V-formasie te vlieg, voeg die hele swerm 70% meer vliegafstand by as wanneer elke voël alleen sou vlieg. Wanneer n gans uit die formasie vlieg, sal dit skielik die weerstand voel van om alleen te probeer vlieg en gou weer terugvlieg tot in die formasie en voordeel put uit die krag van die voëls voor hom. Wanneer die gans wat voor vlieg, moeg raak, neem hy die plek agter in die formasie en kry n ander gans die geleentheid om aan die die voerpunt van die formasie te vlieg. Die ganses in die formasie snater van agter af om die voorste ganses aan te moedig om nie spoed te verloor nie. Wanneer n gans siek word of gewond word, sal 2 ganses die formasie verlaat en hulle maat help en veilige beskerming bied. Hulle sal by hulle maat bly totdat hy sterk genoeg is om weë te vlieg en sal hulle dan n nuwe formasie vorm of by die ou een aansluit.

Wat die storie ons leer is om, om te gee vir mekaar en dat saam is ons beter en groei ook meer!

Heb- 10:24-25 Laat ons voortdurend aandag gee aan mekaar – oor hoe ons mekaar kan aanspoor tot n meer kragdadige beoefening van liefde en goeie dade. En laat ons tog nie – versuim om gemeentebyeenkomste by te woon nie. Kom ons moedig mekaar aan, nog meer omdat ons sien dat die dag van Christus se koms al hoe nader kom.

Gal. 6:2 – Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.

OMGEE VERDUBBEL JOU VREUGDE EN HALVEER JOU LASTE!

KONTAKBESONDERHEDE

Leraars:

Ds. Leon van Heerden 0836601803/leonvh@vodamail.co.za

Ds. Leon Tait 0826014235/taitgesin@yahoo.com

Pastorale hulp:

Ds. Dirk van Zyl (Seniors) 0840288993/caddvanzyl@absamail.co.za

Stanwin Street (Hoërskool-jeug) 0795255695/stanwins@gmail.com

Koster:

Frans Viljoen 0827075128

Kerkkantoor:

012 331 3531

Jeanette de Beer (Kassier) jeanette99@telkomsa.net

Elna du Plessis Nel (Skriba) ngriet@telkomsa.net



GEBEDSLYN: 082 569 6590



GEMEENTE WEBWERF: www.rietfontein-suid.ng.org.za



Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid



Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid Jeug



Twitter: @ngrietsuid

